Oxford
Storieboom
Die serp
Roderick Hunt
Alex Brychta

Fatiema hou van brei. Sy brei 'n serp.



Fatiema se mamma help haar. Die serp is lank en warm.

"Dis 'n mooi serp," sê Fatiema.

Biebie en Kalla kom speel. Dis 'n koue dag.

Fatiema het haar serp aan. "Wat 'n koue dag!" sê sy.



Biebie kyk na Fatiema se serp.
"Wat 'n lang serp!" sê sy.

"Ek het dit gebrei," sê Fatiema.
"Ek kon nie ophou brei nie."

'n Paar kinders kom nader. Hulle trek aan Fatiema se serp.

"Hou op!" skree Fatiema.
"Hou op!" skree Fatiema se mamma.

'n Seun loop op die ys. Die ys is gevaarlik.



"Kom terug!" skree Fatiema se mamma. "Die ys is gevaarlik."

Fatiema se mamma kan nie by
hom kom nie.

Almal is bang.
“Help!” skree die seun.



Fatiema het 'n slim plan. Sy haal haar serp af.

"Maak 'n tou," sê sy.



Fatiema se mamma maak 'n tou.
Sy maak dit van serpe en jasse.

Sy gooi dit vir die seun.

Almal trek aan die tou. Hulle trek die seun uit die dam uit.

Die seun is veilig.
"Jippie!" skree Fatiema.

"Baie dankie!" sê die seun. "Ek is jammer!"

"Ys is gevaarlik," sê Fatiema.



Fatiema kyk na haar serp.
"Ek is bly dis so lank!" sê sy.